

## Sing vooraf staande: Psalm 105:2 (p. 514)

- 2 Laat almal juig met blye galme; / sing voor die HEER jul vreugdepsalme;  
beroem jul in sy heil'ge Naam, / Laat almal wat Hom soek, nou saam  
hul hart verenig tot sy eer / en hul verlustig in die HEER.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige  
werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 9:1, 7 (p. 36)

- 1 Ek sal van ganser harte, HEER, / u wonders groot maak en U eer.  
Ek sing omdat ek in U bly is, / aan wie my lofsang toegewy is;
- 7 Die hart van hul wat U bely, / sal in u Naam standvastig bly.  
Dié wat U soek in stil vertrou, / is by U veilig en behoue.

## Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**

### Vergifnis:

- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

## Psalm 19:4 (p. 83)

- 4 Die HEER se heil'ge wet / is rein en onbesmet, / en sal die hart bekeer;  
sy woorde sal gewis / aan wie eenvoudig is, / die ware wysheid leer.  
Sy regte heerskappy / dié sal ons hart verbly / en onreg nooit gedoë;  
en wat sy wet berig / is suiwer soos die lig / wat afstraal op die oë.

Skriflesing: Handeling 16

Teks: Handeling 16:14, 15; Kategismus Sondag 33

**En 'n vrou met die naam van Lídia, 'n purperverkoopster van die stad Thiatíre, 'n godsdienstige vrou, het geluister; die Here het haar hart geopen om ag te gee op wat deur Paulus gesê is. En toe sy en haar huisgesin gedoop is, het sy by ons aangedring en gesê: As u oordeel dat ek in die Here glo, kom dan in my huis en bly daar. En sy het ons gedwing. (Handeling 16:14,15 AFR1953)**

Die Bybel ken twee woorde vir bekering. Die een beteken letterlik **inkeer** en die ander een **omkeer** (word vertaal met **bekeer**). In Handeling 3:19 kom die twee woorde saam voor in een sin:

**Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en tye van verklikking van die aangesig van die Here mag kom,**  
(Handeling 3:19 AFR1953)

Gelowiges praat baie van bekering, maar dan gebruik hulle nie altyd die woord met die betekenis wat die Bybel daaraan gee nie. Die woord word sommer maklik gebruik om enige verandering wat gelowiges beleef, te beskryf.

Die Bybel beskryf bekering dikwels glad nie met die woord **bekering** nie!

- So praat ons van Paulus se bekering op pad na Damaskus toe.

- Die Bybel beskryf die gebeurtenis drie keer (Handelinge 9; 22; 26) en nie een keer praat die Bybel van bekering nie.
  - Die Here sê: “Hy bid!”
  - Paulus sê: “Aan my is genade bewys!”

Net praat ons van die bekering van Manasse, maar die Bybel sê niks van die woord *bekering* nie. Die Bybel praat van **verootmoedig voor die aangesig van die Here** en **erken dat die HERE God is:**

**Maar in sy benoudheid het hy die aangesig van die HERE sy God om genade gesmeek en hom diep verootmoedig voor die aangesig van die God van sy vaders en tot Hom gebid; en Hy het hom verhoor en na sy smeking geluister en hom na Jerusalem in sy koningskap teruggebring. Toe het Manasse erken dat die HERE God is. (2 Kronieke 33:12, 13 AFR1953)**

Let op met watter woorde en begrippe word bekering hier beskryf:

**. . . aangesig van die HERE sy God om genade gesmeek en hom diep verootmoedig voor die aangesig van die God . . .**

en:

**Toe het Manasse erken dat die HERE God is.**

Daar is meer sulke gedeeltes in die Bybel waar die *daad van bekering* duidelik beskryf word, sonder dat die woord *bekering* gebruik word. Dink maar aan die gelykenis van die verlore seun en die geskiedenis van die Samaritaanse vrou.

Ons het sopas saam geles van die bekering van Lidia, die vrou wat purperware verkoop het – terwyl die woord bekering ook nie in haar verhaal voorkom nie. Die Bybel leer: **die Here het haar hart geopen om ag te gee . . .**

Die beskrywings verskil, maar die inhoud is presies dieselfde: Die Here het ’n mens uit die donker uitgehaal.

Daar gebeur dieselfde dinge by al hierdie mense:

- Hulle ontvang die vermoë om te kan glo.
- Daar is meteens by hulle innerlike vernuwing.
- Hulle ontdek hulle sondes en sondige lewe.
- Hulle verootmoedig hulle voor die Here en hulle bid vir vergifnis van sondes.
- Hulle ontvang inderdaad genade, vergifnis en vrypraak by die Here.

Die Bybel noem hierdie proses dat ons die ou mens moet aflê en die nuwe mens moet aantrek (soos klere).

**Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper,** (Kolossense 3:9, 10 AFR1953)

Wat bedoel die Bybel met die woorde **ou mens**?

- Die ou mens is natuurlik die mens wat loop en sonde doen.
- Dis die mens wat aan God ongehoorsaam is.
- Dis die mens wat sy eie reëls maak.
- Dis die mens wat nie in die hemel sal en wil kom nie.

Die nuwe mens is die mens wat die dinge doen wat Paulus en Lidia en die mense begin doen het.

- Dis mense wat wil glo.

- Dis mense wat van die duiwel en sy werke af wegdraai en wat dan aanleer om goed te doen volgens die wil en die styl van die Here.

Enige mens weet dat so 'n lewe nie in 'n oomblik gebeur nie.

- Dis waar dat die mens wat in sonde is tot op 'n punt moet kom waar hy bewustelik die besluit moet neem om tot bekering te kom.
- Daarom is die hele Bybel vol opdragte van die Heilige Gees: **Bekeer julle!**

Die oomblik van waarheid – wanneer 'n mens sy sondeverlorenheid besef en wanneer hy met volle oorgawe die godheid en almag van God bely en daar redding soek, noem ons wortelbekering.

- Dis die Bybelwoord: inkeer!
- Dis hierdie ding wat deur die apostel Paulus genoem word **die oue mens met sy werke aflê**.

..

Daarna volg daar 'n lewelange stryd om die kwaad uit jou lewe uitgeroei te kry.

- Dit is die Bybelwoord: bekering – daaglikse bekering.
- Dis die ding wat Paulus noem: **julle met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper.**

Klere is nie dadelik alles om jou lyf nie.

- Ons trek die een kledingstuk na die ander een aan.
- Dis 'n tydsame proses om uit die sonde uit in die heerlijkheid van God in te groei.

Wat gebeur daar in die hart van 'n mens wat deur hierdie proses van bekering gaan? Hy beleef twee botsende emosies gelyktydig: Hartseer en blydschap.

Luister net weer wat skryf die Here in die Jakobusbrief:

**Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug. Nader tot God, en Hy sal tot julle nader. Reinig die hande, julle sondaars, en suiwer die harte, julle dubbelhartiges! Weeklaag, treur en ween. Laat julle gelag in treurigheid verander word en julle blydschap in bedruktheid. Verneder julle voor die Here, en Hy sal julle verhoog.**  
(Jakobus 4:7-10 AFR1953)

Hier word die gelowiges (die kerk van die Here) opgeroep tot bekering: **Weeklaag, treur en ween.**

Waarom staan hier so 'n klomp swaar woorde soos dié?

- Omdat iemand wat regtig tot bekering wil kom, daardie saak baie erg en seer beleef.
- Die besef van sy sondes maak hom seer dat hy huil en hom vernederend voor God verootmoedig.
- Luister hoe die Bybel Dawid se verootmoediging en berou tydens die dood van Batseba se eerste seuntjie belewe:

**En Dawid het die aangesig van God gesoek vir die kind, en Dawid het 'n tyd lank gevas en na binne gegaan en die hele nag deur op die grond gelê. Daarop kom die oudstes van sy huis na hom en wou hom van die grond laat opstaan, maar hy wou nie; ook het hy geen brood saam met hulle geëet nie.** (2 Samuel 12:16, 17 AFR1953).

By Lidia kry mens iets soortgelyks – maar met 'n ander element.

- Die Here maak haar hart oop.
- Dit alles loop uit op die bekering van haar hele huis. Almal word gedoop!
- Enige mens wat iets weet van evangelisasiewerk, weet dat hierdie dinge nie in een dag se tyd gebeur het nie. Daar was baie gesprekke.
- Daarom dring sy na die tyd by die manne aan om na haar huis toe te gaan.

- Die rede is voor die hand liggend: sy wou meer van die Here hoor, want om tot die geloof te kom en gedoop te word, is net die begin van die bekeringspad!

In hierdie vrou se optrede kom die ander kant van bekering duidelik uit! Daar is 'n hartlike blydskap!

Paulus het dit ook geken:

**Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees. Want hy wat Christus hierin dien, is aan God welgevallig en by die mense geag.** (Romeine 14:17 AFR1953)

Iemand wat 'n bekeerde is, leef nie op die grens van die sonde nie.

- Hy doen nie die dinge wat twyfelagtig is nie.
- Hy doen wat by die ware geloof pas:

**Maar hy wat twyfel as hy eet, is veroordeel, omdat dit nie uit die geloof is nie; en alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde.** (Romeine 14:23 AFR1953).

'n Ware bekeerde besit ware geloof. 'n Ware gelowige glo in God en in sy genade wat Hy gee:

**En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.** (Hebreërs 11:6 AFR1953)

Pas op vir jou eie sienings oor die dinge! Die Here waarsku daarteen!

**Maar die doel van die gebod is liefde uit 'n rein hart en 'n goeie gewete en 'n ongeveinsde geloof waarvan sommige mense afgedwaal en hulle afgewend het na onsinnige praatjies; hulle wil leraars van die wet wees, alhoewel hulle wat hulle sê, of die dinge wat hulle beslis beweer, nie verstaan nie.**

(1 Timoteus 1:5-7 AFR1953).

Kom ons lees saam wat ons belydenis hieroor leer in die Heidelbergse Kategismus Sondag 33:

**Vraag 88: Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?**

**Antwoord:** *Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens (a).*

(a) Rom 6:1, 4-6; Ef 4:22-24; Kol 3:5, 6, 8-10; 1 Kor 5:7; 2 Kor 7:10.

**Vraag 89: Wat is die afsterwing van die ou mens?**

**Antwoord:** *Dit is 'n hartlike berou daarvoor dat ons God deur ons sondes vertoorn het en daarom hoe langer hoe meer die sonde haat en daarvan wegvlug (a).*

(a) Rom 8:13; Joël 2:13; Hos 6:1.

**Vraag 90: Wat is die opstanding van die nuwe mens?**

**Antwoord:** *Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus (a) en 'n lus en liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe (b).*

(a) Rom 5:1; 14:17; Jes 57:15. (b) Rom 6:10, 11; Gal 2:20.

**Vraag 91: Wat is goeie werke?**

**Antwoord:** *Slegs die wat uit 'n ware geloof (a), volgens die Wet van God (b), tot sy eer gedoen word (c), en nie die wat op ons goeie dinge of op oorgelewerde gebruike van mense gegrond is nie (d).*

(a) Rom 14:23. (b) Lev 18:4; 1 Sam 15:22; Ef 2:10. (c) 1 Kor 10:31. (d) Eseg 20:18, 19; Jes 29:13; Matt 15:7-9.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 45:1 (p. 230)

- 1 My hart, ontroer deur mymering, / sal lieflik van 'n Koning sing.  
My tong, deur digvuur aangedryf, / is soos 'n pen wat vaardig skryf.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

**Dr MJ du Plessis**  
**Gereformeerde Kerk Bellville**  
**Datum: 22 Augustus 2010**